NUUS | SAOU | NEWS

NORTH WEST | NOORD-WES

☎012 436-0900 / 086 072 6843; 🖷 012 348-9658; saounw@saou.co.za ; www.saou.co.za

NIB 06/2017 07/02/2017

SALARISSE VAN LEDE IN TYDELIKE DEPARTEMENTELE POSTE
SALARIES OF MEMBERS IN TEMPORARY DEPARTMENTAL POSTS

Die SAOU (Noordwes) ontvang baie navrae van tydelike personeel wat salaris ontvang, maar wat heelwat minder is as wat in ander maande ontvang was.	The SAOU (North West) receives many queries from temporary employees regarding salaries paid out which are less than previous months.
Dit gebeur wanneer daar supplementêre betalings gelaai is en nie as deel van die normale salarisbetaling gedoen is nie. Supplementêre betalings word belas deur SARS met tot 30%, afhangende van u inkomstegroep.	This happens when the salary is paid as a supplementary payment and is not part of the normal salary run. SARS taxes supplementary payments at up to 30% depending on the tax bracket of the employee.
Daar is twee maniere waarop hierdie aftrekking reggestel kan word: 1. Daar word elke 3 maande 'n outomatiese rekonsiliasie op die stelsel gedoen. Daar behoort dan vir 'n maand of twee heelwat minder belasting as normaalweg verhaal te word. 2. Indien bogenoemde nie gebeur nie, sal dit reggestel word wanneer u opgawe by SARS ingehandig word.	There are two ways in which this can be corrected: 1. Every three months the system does an automatic reconciliation. After this, for a month or two, an employee would then have a lower tax deduction than normal. 2. If the problem is not corrected in this way, it will be corrected when you hand in your tax return at SARS.
Daar is steeds heelwat tydelike opvoeders wat nog nie salaris ontvang het nie, ten spyte van die skrywe wat Dr Molale op 1 Februarie 2017 na skole gestuur het. Hy het die departement daartoe verbind dat alle uitstaande salarisse teen 7 Februarie 2017 sal betaal wees.	There are still many temporary educators who have not received their salaries regardless of the notice sent to schools by Dr Molale on 1 February 2017. He indicated that all outstanding salaries would be paid by 7 February 2017.
Prakties was dit egter nie moontlik nie. Die amptenare by die Menslike Hulpbronne afdeling	It seems that this wasn't realistic. Staff at Human Resources is working overtime to try and finalise

Voorsitter/Chairperson: Mnr/Mr Terry Nicholenas
Ondervoorsitter/Vice Chairperson: Mnr/Mr Willie de Villiers
Provinsiale Sekretaris/Provincial Secretary: Me/Ms Carla Lottering
Sekretaresse/Secretary: Me/Ms Ansa Orban
Voltydse Vakbondverteenwoordiger/Fulltime Shop Steward: Me/Ms Riette Schoeman
Professionele Konsultant/Professional Consultant: Mnr/Mr Dougie Golden

werk tans baie ure oortyd om die aanstellings so spoedig moontlik af te handel. Die SAOU hou egter aan om druk op hul te plaas. Ons sal u ook op hoogte van die stand van sake hou. LW: Opvoeders wat deur bogenoemde geraak word, moet daarop let dat indien u tot Desember 2016 die behuisingstoelaag ontvang het, u asb. 'n skrywe moet rig aan u distrik se Menslike Hulpbronne om weer u toelaag te aktiveer, omrede dit nie outomaties reggestel word nie.	all new appointments as soon as possible. The SAOU hasn't stopped putting pressure on the relevant structures. We will keep you updated with any new developments. Please note: Educators who are affected by the above, note that if you have received the housing allowance until December 2016, you need to communicate this in writing to your district's Human Resources Directorate to activate your allowance again, as this is not corrected automatically.